BYBELSTUDIE OPENBARING LES 6: 2:1-7.

In vers 13b-20 het Johannes die verheerlikte Christus in ’n visioen gesien. Hy dra ’n lang kleed, net soos ’n hoëpriester, met die goue band om sy bors en nie meer om sy heupe nie. Dit is ’n teken van sy Koningskap en dat Hy klaar gewerk het. Sy hare straal simbolies wysheid uit; sy oë deurgrond alles met geestelike insig; sy voete simboliseer oordeel en standvastigheid en sy stem praat met gesag. Christus hou die sewe sterre, die boodskappers in sy Goddelike hand. So sien Johannes die verheerlikte Christus.
Sy reaksie is net so treffend [1:17]. Hy val soos ’n dooie by Christus se voete neer. Met sy regterhand vat Hy aan hom en gee hom die opdrag om te gaan opskryf wat hy gesien het. Daarmee saam moet hy aan die gemeentes skryf en ook vir hulle ’n kykie gee in die toekomsgebeure.

OPENBARING 2:1-7.

1. LEES: 2:7; 2:11; 2:17; 2:29; 3:6; 3:13; 3:22 [1953-vertaling].
   In hoofstuk 2 tot 3 is sprake van sewe briewe aan sewe gemeentes. Het elke gemeente sy eie brief ontvang of is die sewe briewe saam as bundel vir elke gemeente gelees? Waarom sê u so?
   [Let op dat die 1983-vertaling in 2:11, 3:6 en 3:22 enkelvoud (gemeente) gebruik. Die oorspronklike taal gebruik deurlopend meervoud: gemeentes].

2. LEES: Openbaring 1:12-20; 2:1b; 2:8b; 2:12b; 2:18b; 3:1b; 3:7b; 3:14b.
   Johannes stel Christus elke keer bekend aan die gemeentes met een of meer van die beelde wat hy van Hom gesien het in 1:12-20. Die enigste beelde wat nie gebruik word nie, is sy klere en helder voorkoms [1:16]. Lees die onderskeie verse en skryf by elke gemeente neer watter beeld Johannes van Christus noem.

3. Al die briewe is volgens dieselfde patroon geskryf. By die vier laaste briewe ruil die twee slot-elemente net om:
   Die adres
   Die selfbenoeming van die Here
   Dit wat die Here vir elke gemeente te sê het
   Die vermaning om te luister.

LEES: Openbaring 2:1-7.
Lees die brief aan Efese en voltooi bostaande patroon.
[Let Op: die Here sê iets positiefs en negatiefs oor die gemeente in Efese. Kyk of u dit kan aanwys].

4. LEES: Openbaring 2:4; 1 Johannes 2:9-10; 4:16; 20-21.
   Die probleem van die gemeente is dat hulle Christus nie meer so lief het soos in die begin nie. Van watter liefde word hier gepraat?
   Anders gestel: waaraan word ons liefde vir die Here gemeet?

5. Het ons in die Gereformeerde Kerk(e) die Here en ons naaste lief – of het ons die kerk lief?

6. LEES: Openbaring 2:5 - Dink daaraan hoe vêr julle al agteruitgegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het.

In hierdie vers word drie werkwoorde gebruik wat ’n goeie omskrywing van bekering is. Noem die drie werkwoorde en bespreek elke woord en sy betekenis.

ANTWOORDE.

1. Die meervoud “gemeentes” bevestig dat die briewe as bundel aan al die gemeentes voorgelees moes word.
2. Efese:
   Hou sewe sterre in regterhand vas en beweeg tussen die sewe goue lampe [13a,16a].
   Smirna:
   Eerste en die Laaste.
   Was dood en het weer lewend geword [17,18].
   Pergamum:
   Skerp swaard met die twee snykante [16].
   Tiatire:
   Oë soos vuur en voete soos geelkoper [14b,15a].
   Sardis:
   Wat die Sewe Geeste van God en die sewe sterre het [4,16].
   Filadelfia:
   Heilige, Waaragtige, sleutel [1953-vertaling] [18b].
   Laodisea:
   Amen, geloofwaardige en ware getuie [5,6].
3. Die adres:
   Aan die leraar van die gemeente in Efese [1a].

Die selfbenoeming van die Here:
Hy hou die sewe sterre in sy regterhand.
Hy beweeg tussen die sewe goue lampe rond [1b].
Dit wat die Here vir die gemeente sê:
Positiewe punte:
Hulle onvermoeide arbeid en volharding.
Hulle verdra nie slegte mense nie.
Hulle ondersoek vals apostels.
Hulle volhard en verduur baie maar word nie moeg nie [2-3].
Hulle verafsku die Nikolaïete [6b
Negatiewe punte:
Hulle het die Here nie meer so lief soos in die begin nie [4].
Die vermaning om te luister:
Dink aan julle agteruitgang.
Bekeer julle.
Doen weer wat julle aan die begin gedoen het.
Luister na die Gees [5-7a].
'n Belofte:
Wie oorwin, sal eet van die boom van lewe in die paradys [7b].

4. Die liefde waarvan hier gepraat word, het moontlik te doen met naasteliefde. Die gemeente se daaglikse stryd teen die vals apostels, het die gelowiges se spontane liefde teenoor die naaste gedemp. Om die naaste sonder voorbehoud lief te hê, dien as sigbare bewys dat iemand God liefhet. As jou liefde vir jou naaste vervlou – ontstaan die vraag of jy God kan liefhê.
5. Eie antwoord.
6. Dink, bekeer en doen.
   Dink:
   'n Mens moet af en toe gaan sit en dink oor jou lewe: Waarmee is jy besig? Waarheen is jy op pad?
   Bekeer:
   Bekering beteken verander, omdraai, anders begin doen. Die werkwoordsvorm staan in die onbepaalde verlede tyd [aoristus] en beteken: draai om in jou gemoed en begin doen.
   Doen:
   Die gemeente moet die Here weer liefhê soos wat hulle Hom in die begin gehad het. Opnuut gaan dit oordoen as teken van die ware geloof.